

Hoofstuk van die dag: Numeri 9

> *Moses het toe vir hulle gesê: “Wag tot ek verneem het wat die Here oor julle beveel.” (vers 8)*

Die berig oor die reëlings vir die tweede paasfees (vers 1-14), asook die berig oor die wolk bo die tabernakel (vers

15-23) vertel van Israel se gehoorsaamheid en afhanklikheid van die Here. Soos die wolk bo die tabernakel beweeg het of gerus het, so het hulle beweeg of oorgestaan. Op bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan, en op sy bevel het hulle weggetrek (vers 23).
Eweneens, wanneer Moses ’n uitspraak moes lewer oor ’n saak waaroor daar nie uitsluitsel was nie, het hy nie met eie wysheid opgetree nie. Hy het eers die Here geraadpleeg (vers 8). Só het hy seker gemaak dat hulle binne God se weë wandel.
Ons lees dat dit nie later so was nie. Toe Israel Kanaän beset het, het die Gibeoniete gekom om ’n verdrag met Josua-hulle te sluit, het die leiers dit gedoen sonder om ’n beslissing van die Here te vra (Jos 9:14), met katastrofiese gevolge.
Die Spreuke-digter se raad (Spr 3:5-6) is hier van pas, ook vir ons. Moenie op jou eie insig staatmaak nie. Ken die Here in alles. Dan sal Hy sorg dat jou pad reg loop.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026